



JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3: SKRYF

SEPTEMBER 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 10 bladsye en rubrieke van 3 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
 GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
 VRAESTEL 3 - MEMORANDUM

ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke in die assesseringsriglyne.
 Bylaag A: Vraag 1 – Opstel
 Bylaag B: Vraag 2.1 – Huldeblyk.
 Vraag 2.2 – Informele Toespraak.
 Vraag 2.3 – Koerantberig.
 Vraag 2.4 – Formele Brief.
 Bylaag C: Vraag 3.1 – Dagboekinskrywing.
 Vraag 3.2 – Aanwysings.
 Vraag 3.3 – Poskaart.
2. Bestudeer en bespreek hierdie rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.
3. As 'n onderwerp misgetas is, moet die kandidaat volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan word.
4. Indien 'n skryfstuk **enigsins uit die vraestel saamgeflans** word of **dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word**, sal die skryfstuk nie logies opeenvolgend nie en die leerder ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie / Saamgeflans**.
5. Riglyne by die afwyking van die voorgeskrewe lengte by skryfstukke.

AFDELING	KODE 4 Amper korrek	KODE 3 en 2 Te kort/te lank	KODE 1 Heeltemal te kort/ te lank
Afd. A: Opstel 250 – 300 woorde	240 – 249 301 – 310	231 – 239 311 – 320	Minder as 231 Meer as 320
Afd. B: Langer transaksionele tekste 120 – 150 Woorde	113 – 119 151 – 157	107 – 112 158 – 164	Minder as 107 Meer as 164
Afd. C: Korter tekste 80 – 100 woorde	75 – 79 101 – 105	70 – 74 106 – 110	Minder as 70 Meer as 110

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - **MEMORANDUM**

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

Die volgende simbole/tekens behoort deur die onderskeie provinsies gebruik te word.

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...)	Hakies
Spelfout	—	Kort strepie onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	ƒ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	O	Omkring

NEERSKRYF VAN PUNTE

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
2. Assesseer die kandidaat se skryfstukke na aanleiding van die **sewe KODES** volgens:

Afdeling A: **INHOUD en BEPLANNING** (32 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte) en **STRUKTUUR** (6 punte).

Afdeling B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (20 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (10 punte).

Afdeling C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (13 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (7 punte).

3. Evalueer hoe goed, gemiddeld of swak die kandidaat binne daardie kode tussen die gegewe punte is, byvoorbeeld: uit 'n gegewe punt van 16 – 19 uit 50, moet die nasiener kan assesseer watter punt die skryfstuk verdien. Skryf net EEN punt neer.
4. Hou die **persentasies** by die Kodes in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
5. Skryf die punte soos volg neer:

Kode	Afdeling A	Punt
4	I/B	16
2	T/S/R	4
5	S	5
TOTAAL		25

Kode	Afdeling B en C	Punt
5	I/B/F	12
6	T/S/R	7
TOTAAL		19

6. Halwe punte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - **MEMORANDUM**

AFDELING A: OPSTELTIPES

VERHALENDE OPSTEL

Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

- Daar moet 'n sterk storielyn wees en dit moet ook baie oortuigend wees.
- 'n Verhalende opstel word gewoonlik in die verlede tyd geskryf.
- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- 'n Goeie storie maak dikwels 'n stelling.
- 'n Buitengewone slot rond dit finaal af.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word. Die styl, retoriese stylmiddele en aksie moet volgehoue belangstelling verseker.
- 'n Chronologiese of a-chronologiese opbou tot by die hoofmoment en die daaropvolgende afloop van gebeure kan voorkom.

BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

- Die skrywer behoort 'n prentjie met woorde te teken.
- Woorde en uitdrukkings moet versigtig gekies word om die gewenste effek te bereik.
- Gebruik stylfigure op 'n oorspronklike manier.
- 'n Suksesvolle beskrywende opstel lig sintuiglike besonderhede uit soos sig, klank, smaak, reuk en sensasie.
- Die leerder moet 'n onderwerp kies wat reeds ervaar is. Dit stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos die leerder te beleef.
- Hou die **persentasies** by die kodes in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.

BESPIEGELENDENDE OPSTEL

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Bespiegel oor 'n droom of aspirasies.

- 'n Bespiegelende opstel sal subjektief wees.
- Gevoelens en emosies speel 'n baie belangrike rol.
- 'n Groot gedeelte van die opstel mag beskrywend wees. Hierdie beskrywings behoort lewendig te wees en moet daarop gemik wees om die herinneringe of gevoelens van die skrywer in die leser te laat herleef.
- Die gedagtes/idees/gevoelens wat uitgedruk word, behoort opreg te wees en persoonlike betrokkenheid te toon.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - **MEMORANDUM**

BEREDENERENDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van albei kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking kom aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontledend wees in die ontwikkeling van die opstel.

- Die skrywer moet beide kante van die argument verstaan en daaroor nadink op 'n onpartydige en goed ingeligte manier.
- Die styl moet duidelik, rationeel en objektief wees. Kalm, weldeurdagte en goed ondersteunende stellings moet gemaak word.
- Die toon moenie emosioneel wees nie.
- Die stellings moet oortuigend wees, dog nie neerhalend nie.
- Die skrywer mag slegs in die slot 'n aanduiding van sy/haar gesigspunt gee.

ARGUMENTERENDE/BETOGENDE OPSTEL

Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer. Die skrywer se mening moet deurgaans duidelik wees. Dit is 'n subjektiewe opstel waarin die skrywer probeer om die leser te oortuig om sy/haar gesigspunt te deel.

- Die skrywer gee 'n eie mening omtrent die onderwerp op 'n baie oorspronklike en treffende manier.
- 'n Reeks argumente om 'n gesigspunt te steun, word gegee en gemotiveer.
- Die skrywer konsentreer gewoonlik op argumente vir of teen 'n standpunt. Die teenoorgestelde gesigspunt kan genoem word om meer steun aan 'n eie mening te gee.
- Die betogende opstel kan subjektief wees en definitiewe opinies kan gestel word.
- 'n Verskeidenheid retoriese stylfigure en oorredingstegnieke moet gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel kan wees, sal gebruik word, maar mag nooit kru wees nie.
- Die slot moet 'n sterk, duidelike en oortuigende stelling wees wat die skrywer se gesigspunt staaf.

FEITLIKE OPSTEL

Die skrywer stel feite wat aan hom/haar bekend is/nagevors is op 'n saaklike manier. Sinvolle argumente sal lei tot logiese gevolgtrekkings.

- Die skrywer is meestal objektief.
- Die inleidende paragraaf vertel direk waarom die skryfstuk gaan.
- In die liggaam sal die paragrawe die argumente/feite duidelik afbaken.
- In die slotparagraaf kom die skrywer tot 'n gevolgtrekking wat op die feite en argument berus.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
 GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
 VRAESTEL 3 - **MEMORANDUM**

ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geskryf word, kan dus **enige een van die ses tipes opstelle wees** soos hierbo uiteengesit. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

VR.	VERH.	D	BESKR.	D	BERED.	D	BESP.	D	ARG.	D	FEIT.	D
1.1	✓	2	✓	2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	2
1.2	✓	2	✓	2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	2
1.3	✓	2	✓	2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	2
1.4	✓	2	✓	2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	2
1.5	✓	2	✓	2	✓	3	✓	2	✓	3	✓	2
1.6.1	✓	2	✓	2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	2
1.6.2	✓	2	✓	2	✓	2	✓	2	✓	3	✓	2
1.6.3	✓	2	✓	2	✓	3	✓	3	✓	3	✓	3

Verwys na **Opsomming van moeilikheidsgraad van vrae in vraestel** op bl.10.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2.1: HULDEBLYK

- Die volgende belangrike persoonlike besonderhede word in 'n huldeblyk gegee: Naam en van van die oorledene, adres, ouderdom, datum van afsterwe, plek waar die persoon oorlede is, oorsaak van dood, duur van siekte, name van gesinslede agtergelaat en gevolge van die dood.
- Prestasies/Hoogtepunte van opleiding en gemeenskapsbetrokkenheid word gegee.
- Gebeurtenisse en staaltjies oor die oorledene word gegee. Persoonlike herinneringe van familie en vriende kan ook gegee word. Die leser moet 'n duidelike beeld van die oorledene kan vorm.
- Vermoed sentimentaliteit en eufemismes.
- Die familie kan ook vertroos word.
- Die taal, styl en register is formeel.

FORMAAT

- 'n Huldeblyk kan ook die kennisgewing in 'n koerant wees – 'n doodsberig.
- Die volgende inligting word in die doodsberig gegee: Naam en van (nooiensvan in die geval van 'n getroude vrou), inligting oor die roudiens en teraardebestelling of verassing, gesinslede wat agtergelaat word. Waar nodig kan die persoon se bynaam ook gegee word.

VRAAG 2.2 INFORMELE TOESPRAAK

Paragraaf 1: Waaroor handel die toespraak?

Paragraaf 2: Mooi eienskappe word oor die persoon genoem.

Paragraaf 3: Wat jy by die persoon geleer het. Waarom die persoon vir jou so spesiaal is.

- Die inleiding moet só interessant wees dat dit die gehoor se aandag onmiddellik boei. Die openingsin is baie belangrik.
- Die inhoud moet bruikbaar en geskik wees.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - **MEMORANDUM**

- Die taal, styl en register moet by die gehoor en die onderwerp pas.
- Kort en kragtige sinne het trefkrag.
- Interessante voorbeelde, staaltjies, grappies en aanhalings maak die toespraak interessant.
- Die slot moet die gehoor prikkel en oortuig.

FORMAAT

- 'n **Informele toespraak** is 'n toespraak wat gehou word as 'n heildronk ingestel word, as daar van 'n persoon afskeid geneem word, of as 'n persoon gelukkig word, ens.
- Sleutelkaartjies met die volgende opskrifte kan van hulp wees om die toespraak te lewer: Opskrif, aanspreekvorm (gewoonlik Geagte ...) en waardering, inleiding, liggaam, slot

VRAAG 2.3. KOERANTBERIG

- Die tema of onderwerp moet interessant aangebied word.
- Die onderwerp moet aktueel wees en die leser se belangstelling prikkel.
- Die titel/opskrif is kort en treffend en moet by die onderwerp pas.
- Die inleidingsparagraaf moet die inhoud ontsluit. Dit moet ook kort en kragtig wees en die leser dadelik in die prentjie bring.
- Die belangrikste nuus/nuusmaker moet eerste gestel word.
- Die inhoud/inligting moet logies en betroubaar wees.
- Die inligting moet duidelik uiteengesit word. Subtitels kan gebruik word.
- Die woorde moet eenvoudig en verstaanbaar wees.
- Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet in gedagte gehou word.
- Feite kan opspraakwekkend wees.
- Aanhalings kan gebruik word.
- Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word.

FORMAAT

- Feite of inligting kan in 'n koerantartikel gegee word.
- Daar is 'n ooreenkoms tussen 'n feitelike opstel en 'n artikel.
- Die titel vat die onderwerp saam.
- 'n Subtitel kan ook gegee word.
- Die omgekeerde piramide- metode word gebruik.
- Die meeste feite word in die eerste paragraaf gegee. *Wie, wat, waar, wanneer, waarom* en *hoe*.
- Die *wie, wat, waar* en *wanneer* word in die volgende paragrawe uitgebrei. Meer inligting – die *hoe* en die *hoe* – kan nou ook gegee word.
- Die res van die inligting word daarna in dalende orde van belangrikheid gegee.
- Deeglike kennis oor die onderwerp is belangrik.
- Die artikel word in die bedrywende vorm geskryf.
- Die slot vat die artikel saam.
- Die koerantartikel kan in paragrawe of in kolomme aangebied word.

VRAAG 2.4. FORMELE BRIEF VAN BEDANKING

- In die brief word iemand bedank.
- Spreek waardering uit.
- Bedank vir bydrae wat gelewer is.
- Die taal, styl, toon en register is formeel.
- Skryf nugter en saaklik. Geen mooiskrywery nie.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - MEMORANDUM

FORMAAT

- Die formaat van die brief moet korrek wees: adres van sender, datum, adres van ontvanger, aanhef, opskrif / doel, paragrawe, afsluiting.
- Die adres van die sender kom regs boaan in blokvorm.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie.
- Die datum word voluit geskryf: 10 November 2009
- Die adres van die ontvanger van die brief word links in blokvorm geskryf.
- Geen leestekens word in die adresse gebruik nie.
- 'n Reël word tussen die adres van die sender en die ontvanger oopgelaat.
- 'n Reël word tussen die adres van die ontvanger en die aanhef van die brief oopgelaat.
- Die doel van die brief word in hoofletters geskryf OF dit kan in kleinletters geskryf en dan onderstreep word.
- Geen leestekens word na "Die uwe "gebruik nie.
- Die brief word deur die persoon wat die korrespondensie rig, onderteken. Korrespondente kan ook hul noemname en vanne gee.
- Die korrespondent se voorletters en van kan onder die handtekening uitgeskryf word, indien dit onleesbaar is.
- Die hoedanigheid van die sender word onder die handtekening uitgeskryf.

ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
2.1.	Huldeblyk	3
2.2.	Informele Toespraak	1
2.3.	Koerantberig	2
2.4.	Formele Brief	4

Verwys na **Opsomming van moeilikheidsgraad van vrae in vraestel 3** op bl.10.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3.1. DAGBOEKINSKRYWING.

- Daar hoef nie met "Liewe Dagboek" begin te word nie.
- Skryf altyd in die eerste persoon.
- Skryf in die verlede tyd oor dinge wat in die verlede tyd plaasgevind het.
- Gebruik woorde soos "vandag, gister en môre."
- Gevoelens wat nou ondervind word, kan in die teenwoordige tyd geskryf word.
- Gebruik beskrywende woorde, leestekens, en hoofletters om oortuigend te skryf.
- Vrae en wense is 'n doeltreffende manier om gevoelens oor te dra.
- Noem familie en vriende op die naam.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - **MEMORANDUM**

FORMAAT

- Die dag en datum kan bo-aan geskryf word.
- Die leerders kan Dag 1, Dag 2, ens. skryf.
- Dagboekinskrywings word soos 'n opstel in paragrawe geskryf.
- Dit kan oor EEN dag gedoen word of meer as een dag – dit hang af van die instruksies.

VRAAG 3.2 AANWYSINGS

- *Aanwysings bepaal die rigting na 'n plek.*
- 1. Ry reguit tot by ...
- 2. Draai links by ...
- 3. Loop tot by ...

FORMAAT

- Gee rigtingaanwysers oor hoe om by 'n plek uit te kom.
- Dit is baie belangrik om die rigtingaanwysers van punt A na punt B te beskryf.
- Elke instruksie begin gewoonlik met 'n werkwoord, bv. **draai** links by die skool.
- Verwys na bakens langs die roete.

VRAAG 3.3 POSKAART

- Die inligting is van 'n persoonlike ervaring.
- Die boodskap/nuus is op 'n kort en bondige manier oorgedra.

FORMAAT

- Die boodskap/nuus is in die linkerhelfte van die poskaart geskryf.
- Daar is geen eie adres nie, maar wel 'n datum.
- Daar is 'n aanhef en 'n slot, maar geen reëls is oopgelaat nie.
- Paragrafering is opsioneel.
- Die ontvanger se naam en adres is aan die regterkant geskryf.

ONTLEDING VAN KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende kognitiewe vlakke, persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

VRAAG	SOORT SKRYFSTUK	DENKVLAK
3.1	Dagboekinskrywing	2
3.2	Aanwysings	1
3.3	Poskaart	3

Verwys na **Opsomming van moeilikheidsgraad van vrae in vraestel 3** op bl. 10.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
 GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
 VRAESTEL 3 - MEMORANDUM

OPSOMMING VAN MOEILIKHEIDSGRAAD VAN VRAE IN VRAESTEL 3: NOVEMBER 2010

SKRYF	TIPE SKRYFSTUK	LU 3 Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en verskillende kontekste te gebruik.	ONDERWERP	AANBIEDING	UITDAGING	TOTAAL	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	
	AFDELING A VRAAG 1	OPSTEL								AS <ul style="list-style-type: none"> ■ Beplan volgens doel, teikengroep en konteks. ■ Toon gebruik van skryfstrategieë. ■ Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan.
1.1.	Al 6 tipes.		2	2	3	7		2		
1.2.	Al 6 tipes.		1	2	2	5	1			
1.3.	Al 6 tipes		1	2	1	4	1			
1.4.	Al 6 tipes		3	2	2	7			3	
1.5.	Al 6 tipes.		3	3	3	9			3	
1.6.1	Al 6 tipes.		1	2	2	5		2		
1.6.2	Al 6 tipes.		2	3	3	7			3	
1.6.3	Al 6 tipes.		1	2	2	6		2		
AFDELING B VRAAG 2	LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE									
2.1.	Huldeblyk		2	2	3	7			3	
2.2.	Informele Toespraak		1	1	1	6	1			
2.3.	Koerantberig		1	2	2	4		2		
2.4.	Formele Brief		2	3	3	9			3	
AFDELING C VRAAG 3	TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE									
3.1.	Dagboekinskrywing		2	2	2	6		2		
3.2.	Aanwysings		2	1	2	5	1			
3.3.	Poskaart		2	2	3	7			3	
15 onderwerpe / keuses	12 tipes skryfstukke						4	5	6	
Persentasies (Totaal vlakke ÷ onderwerpe)								27%	33%	40%

Let Wel

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (vraestel 3; Afdeling A).
- Die punte (0-50) vir die nasien van die opstel is in vyf kategorieë verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in 'n hoë en lae subkategorie verdeel, behalwe vir Onvoldoende. In elke sub-kategorie word die verspreiding van punte aangedui.
- Die verdeling van punte in 'n hoë en lae subkategorie beïnvloed nie die punt wat vir Struktuur toegeken word nie.

AANHANGSEL D: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR EERSTE ADDISIONELE TAAI [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING (Respons op en idees in teks) Organisering van idees Bewys van doel, gehoor en konteks van teks) 30 PUNTE	Hoë subkategorie	27-30	22-23	15-17	9-11	3-5
		- Uitstaande en treffende respons; bo verwagting - Intelligent, stem leser tot nadenke, volwasse idees - Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) is uitsonderlik en samehangend.	- Goed saamgestelde respons - Idees oortuigend, interessant, toon bewyse van volwassenheid. - Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) is baie goed en samehangend.	- Bevredigende respons - Idees is oortuigend en redelik samehangend. - Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) is redelik en samehangend.	- Elementêre respons - Idees is onoorspronklik en onduidelik. - Samehang is inkonsekwent. - Geringe bewys van organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) en samehang.	- Ontoepaslike respons - Idees is deurmekaar en ongefokus. - Ongeorganiseerd en onsamehangend
	Lae subkategorie	24-26	18-21	12-14	6-8	0-2
		- Uitmuntende respons, maar uitstaande en treffende eienskappe ontbreek. - Volwasse en intelligente idees - Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) is knap en samehangend.	- Goed saamgestelde respons - Toepaslike en interessante idees - Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) is goed en samehangend.	- Bevredigende respons, maar soms is daar mistastings. - Idees is redelik samehangend en oortuigend. - In 'n mate bewys van organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) en samehang.	- Grootliks ontoepaslike respons - Idees is onsamehangend en verwarrend. - Weinig bewyse van organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/slot) en samehang	- Idees is ontoepaslik en nie geskik nie. - Geen respons op teks. - Ongefokus en verwarrend
TAAI, STYL & REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling 15 PUNTE	Hoë subkategorie	14-15	10-11	6-7	2-3	0
		- Toon, register, styl, woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks - Taalgebruik is uitsonderlik, treffend en met selfvertroue. - Toon pakkend; retories effektief - Grammatika en spelling feitlik foutvry. - Samestelling is baie knap.	- Toon, register, styl, woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks. - Taalgebruik is goed en effektief - Toon gepas, konstant; retories effektief. - Grammatika en spelling is feitlik foutvry. - Samestelling is knap.	- Toon, register, styl, woordeskat is gepas vir doel, gehoor en konteks. - Taalgebruik is gepas; dra betekenis oor. - Toon is gepas; retoriese middels versterk betekenis. - Foute in grammatika; spelling - Samestelling is redelik na goed	- Toon, register, styl, woordeskat is nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. - Taalgebruik is basies. - Toon en taalgebruik is ontoepaslik. - Woordeskat is beperk.	
	Lae subkategorie	13-12	9-8	5-4	1-0	
		- Toon, register, styl en woordeskat is uitstekend en retories effektief. - Taalgebruik is treffend en met selfvertroue. - Toon pakkend; retories effektief - Grammatika en spelling is feitlik foutvry. - Samestelling is baie knap.	- Toon, register, styl, woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks - Taalgebruik is goed; selfvertroue - Toon gepas; retories effektief - Grammatika en spelling is feitlik foutvry. - Samestelling is knap.	- Toon, register, styl, woordeskat is gepas vir doel, gehoor en konteks. - Taalgebruik is gepas; soms inkonsekwent - Toon is gepas; beperkte gebruik van retoriese middels.	- Toon, register, styl, woordeskat is nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. - Taalgebruik is basies - Weinig of geen sinsverskeidenheid. - Woordeskat is beperk.	
STRUKTUUR Kenmerke van teks Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE		5	4	3	2	1
		- Uitstaande ontwikkeling van onderwerp. - Uitsonderlike besonderhede - Samestelling van sinne en paragrawe uitstaande	- Logiese ontwikkeling van besonderhede - Samehangend - Sinne, paragrawe logies en verskillend	- Toepaslike idees ontwikkel. - Sinne, paragrawe ontwikkel - Opstel verstaanbaar	- Sommige geldige idees. - Sinne en paragrawe het foute - Opstel maak tog sin t.s.v. baie foute .	- Nodige idees ontbreek. - Sinne en paragrawe wemel van foute. - Opstel maak nie sin nie.
VERSPREIDING VAN PUNTE		40-50	30-39	20-29	10-19	0-9

**GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - MEMORANDUM**

AANHANGSEL D: ASSESSERINGSRUBRIEK LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE EERSTE ADDISIONELE TAAL [30 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr/ Eenvoudig	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT -(Respons op en idees in teks) Organisering van idees Bewus van doel, gehoor en konteks van teks) <p style="text-align: center;">18 PUNTE</p>	<p style="text-align: center;">16-18</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uitstaande en treffende respons; bo verwagting - Intelligente en volwasse idees - Grondige kennis van kenmerke van teks - Skryfstuk behou fokus. - Inhoud en idees samehangend - Idees uitgebreid en behou fokus - Gepaste en akkurate formaat 	<p style="text-align: center;">13-15</p> <ul style="list-style-type: none"> - Baie goeie respons; toon 'n goeie kennis van kenmerke van teks. - Behou fokus – geen afwyking - Inhoud en idees samehangend, uitgebreid en details ondersteun onderwerp. - Gepaste formaat; geringe afwykings 	<p style="text-align: center;">9-12</p> <ul style="list-style-type: none"> - Respons voldoende; toon kennis van kenmerke van teks. - Toon tekens dat fokus behou word; enkele afwykings - Inhoud en idees redelik samehangend - Sommige details ondersteun die onderwerp. - Formaat oorwegend gepas, maar afwykings kom voor. 	<p style="text-align: center;">6-8</p> <ul style="list-style-type: none"> - Respons basies; toon geringe kennis van kenmerke van teks. - Behou nie fokus nie; wyk af - Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. - Baie min details ondersteun die onderwerp. - Onseker van formaat van teks; enkele, kritiese, nalatige foute. 	<p style="text-align: center;">0-5</p> <ul style="list-style-type: none"> - Respons toon geen kennis van kenmerke van teks nie. - Betekenis is onduidelik. - Geen samehang in idees en inhoud nie. - Geen details ondersteun die onderwerp. - Formaat van teks nie toegepas nie.
TAAL, STYL & REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika en spelling <p style="text-align: center;">12 PUNTE</p>	<p style="text-align: center;">10-12</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika akkuraat; struktuur baie goed. - Feitlik foutloos . 	<p style="text-align: center;">8-9</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, baie geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika in die algemeen korrek; struktuur goed. - Feitlik foutloos 	<p style="text-align: center;">6-7</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, geskik vir doel, gehoor en konteks. - Enkele grammatikafoute - Foute belemmer nie betekenis nie. 	<p style="text-align: center;">4-5</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, pas nie altyd by doel, gehoor en konteks nie. - Grammatika onakkuraat met baie foute - Betekenis onduidelik 	<p style="text-align: center;">0-3</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, nie geskik vir doel, gehoor en konteks. - Besaai met foute - Betekenis onduidelik
VERSPREIDING VAN PUNTE	<p style="text-align: center;">24-30</p>	<p style="text-align: center;">18-23</p>	<p style="text-align: center;">14-17</p>	<p style="text-align: center;">6-11</p>	<p style="text-align: center;">0-5</p>

**GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 SEPTEMBER-EKSAMEN
VRAESTEL 3 - MEMORANDUM**

AANHANGSEL D: ASSESSERINGSRUBRIEK KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE EERSTE ADDISIONELE TAAL [20 PUNTE]

Kriteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT (Respons op en idees in teks) Organisering van idees Bewus van doel, gehoor en konteks van teks) <p style="text-align: center;">12 PUNTE</p>	<p style="text-align: center;">9-12</p> <ul style="list-style-type: none"> - Uitstaande en treffende respons; bo verwagting - Intelligente en volwasse idees - Grondige kennis van kenmerke van teks - Skryfstuk behou fokus. - Inhoud en idees samehangend - Idees uitgebreid en behou fokus - Gepaste en akkurate formaat 	<p style="text-align: center;">7-8</p> <ul style="list-style-type: none"> - Baie goeie respons; toon 'n goeie kennis van kenmerke van teks. - Behou fokus – geen afwyking - Inhoud en idees samehangend, uitgebreid en details ondersteun onderwerp. - Gepaste formaat; geringe afwykings 	<p style="text-align: center;">5-6</p> <ul style="list-style-type: none"> - Respons voldoende; toon kennis van kenmerke van teks. - Toon tekens dat fokus behou word; enkele afwykings - Inhoud en idees redelik samehangend - Sommige details ondersteun die onderwerp. - Formaat oorwegend gepas, maar afwykings kom voor. 	<p style="text-align: center;">3-4</p> <ul style="list-style-type: none"> - Respons basies; toon geringe kennis van kenmerke van teks. - Behou nie fokus nie; wyk af - Inhoud en idees nie altyd samehangend nie. - Baie min details ondersteun die onderwerp. - Onseker van formaat van teks; enkele, kritiese, nalatige foute. 	<p style="text-align: center;">0-2</p> <ul style="list-style-type: none"> - Respons toon geen kennis van kenmerke van teks nie. - Betekenis is onduidelik. - Geen samehang in idees en inhoud nie. - Geen details ondersteun die onderwerp. - Formaat van teks nie toegepas nie.
TAAL, STYL & REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, puntuasie, grammatika en spelling <p style="text-align: center;">8 PUNTE</p>	<p style="text-align: center;">7-8</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika akkuraat; struktuur baie goed. - Feitlik foutloos . 	<p style="text-align: center;">5-6</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, baie geskik vir doel, gehoor en konteks. - Grammatika in die algemeen korrek; struktuur goed. - Feitlik foutloos 	<p style="text-align: center;">4</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, geskik vir doel, gehoor en konteks. - Enkele grammatikafoute - Foute belemmer nie betekenis nie. 	<p style="text-align: center;">3</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, pas nie altyd by doel, gehoor en konteks nie. - Grammatika onakkuraat met baie foute - Betekenis onduidelik 	<p style="text-align: center;">0-2</p> <ul style="list-style-type: none"> - Toon, register, styl, woordeskat, nie geskik vir doel, gehoor en konteks. - Besaai met foute - Betekenis onduidelik
VERSPREIDING VAN PUNTE	<p style="text-align: center;">16-20</p>	<p style="text-align: center;">13-15</p>	<p style="text-align: center;">9-12</p>	<p style="text-align: center;">6-7</p>	<p style="text-align: center;">0-5</p>